# RESENSIES

Philip Kern

## RHETORIC AND GALATIANS. ASSESSING AN APPROACH TO PAUL'S EPISTLE

Cambridge: Cambridge University Press. 1998. 304 pp.

Philp Kern is dosent in Nuwe Testament by die Moore Theological College, Sydney, Australië en hierdie boek is 'n verwerking van sy proefskrif wat hy onder Dr Loveday Alexander aan die Universiteit van Sheffield gedoen het.

In die eerste hoofstuk dui Kern die fokus van sy ondersoek aan, naamlik die manier waarop retoriese analise op die Brief aan die Galasiërs gewoonlik gedoen word. Hy toon aan dat een van die belangrike vraagstukke wat nog nie behoorlik uitgeklaar is nie, die vraag is tot watter mate Paulus kennis van die antieke retoriese sisteem gehad het, al dan nie. Dit is dan ook sy bedoeling om hierdie aspek deeglik aan die hand van die Brief aan die Galasiërs te ondersoek.

In die tweede hoofstuk gee hy 'n kort dog volledige oorsig van die klassieke retoriek. Dit word in hoofstuk drie gevolg deur 'n oorsig van die maniere waarop navorsers tot sover gebruik gemaak het van die klassieke retoriek in hulle retoriese analises van die Galasiërbrief. Kern se uiteensetting van die analitiese voorveronderstellings ("analytical presuppositions") op grond waarvan navorsers gebruik maak van die klassieke retoriek in hulle analise van Galasiërs, is verhelderend. Hy deel die navorsers in die volgende drie groepe in: 1. Dié navorsers (soos H D Betz en Joop Smit) wat Galasiërs as 'n klassieke toespraak beskou; 2. Dié navorsers (soos Kennedy en Johanson) wat van mening is dat die klassieke retoriek oorredingstegnieke aandui wat oral teruggevind kan word en dat 'n mens gevolglik die klassieke retoriek kan gebruik in die retoriese analsie van Galasiërs; 3. Dié navorsers (soos Pogoloff en Plank) wat van die standpunt uitgaan dat alle literatuur retories van aard is, maar verkies om nie gebruik te maak van die klassieke retoriek nie en eerder moderne teorieë oor die retoriek gebruik in hulle analise van die retoriese strategie in die Pauliniese briewe.

In die volgende hoofstuk vergelyk Kern verskeie analises van die (oorhoofse) retoriese struktuur van Galasiërs en toon oortuigend aan dat dit nie korrek is om die struktuur van die brief as retories van aard (in die klassiek-retoriese sin van die woord) te beskryf nie. Hy bewys oortuigend dat die brief nie voldoen aan die vereistes wat in die klassieke retoriese handboeke vir toe-

sprake gestel word nie. In die vyfde hoofstuk bespreek Kern 'n saak wat nou aansluit by die vraag na die retoriese struktuur van Galasiërs, naamlik of dit moontlik is om die brief in terme van die driedeling in die klassieke retoriek (forensies, deliberatief of epideikties) te klassifiseer. Hy bespreek die verskillende pogings van moderne outeurs in hierdie verband volledig en toon oortuigend aan dat nie een van die outeurs werklik daarin slaag om sy saak te bewys nie. Sy konklusie is, eerstens, dat Galasiërs retories gesproke nie die strukturele elemente bevat wat navorsers wat die klassieke retoriek as vertrekpunt het, beweer dit het nie; en tweedens, dat Galasiërs nie werklik inpas in een van die drie kategorieë wat in die klassieke retoriek onderskei is nie.

Ek het hoofstukke ses en sewe baie interessant gevind. In hoofstuk ses gee Kern 'n oorsig van die wyse waarop Paulus se taalgebruik en retoriese vermoë deur vroeg-Christelike skrywers geëvalueer is, spesifiek die kerkvaders en die na-Patristiese retorici. Hy toon aan Paulus volgens hulle mening nie 'n uitstaande orator was nie en dat Paulus se briewe eers in die tyd van die Reformasie dmv retoriese analises beskryf is, maar dan met die wete dat dit eksterne kategorieë is wat op die briewe afgeforseer is. In hoofstuk sewe belig Kern veral Paulus se taalgebruik vanuit die resultate van moderne navorsing. Sy gevolgtrekking is dat Paulus se taalgebruik in Galasiërs nie dié van iemand weerspieël wat formele opleiding in die klassieke retoriek ontvang het nie.

Na my mening is hierdie boek van Kern 'n baie deeglike stuk werk wat oortuigend bewys dat die uitgangspunt van sommige Nuwe-Testamentici wat retoriese sisteme uit die Klassieke Retoriek op die Brief aan die Galasiërs en ander Nuwe-Testamentiese geskrifte afforseer, nie korrek is nie. Alles wat Kern skryf, is nie nuut nie (Sien byvoorbeeld Anderson se boek *Ancient Rhetorical Theory and Paul*), maar Kern se boek is die volledigste een oor dié saak waarvan ek bewus is. Ek beveel die boek graag aan vir enigiemand wat belangstel in die Pauliniese retoriek en die uitleg van die Brief aan die Galasiërs.

Prof D F Tolmie.